VERJAARSDAE 22 TOT 28 MAART 2009

03/22	STEFAN	BOTHMA	HANS STRIJDOMLN 85A	Blok 3
03/23	GERHARD	JAMES	VAN RIEBEECKLN 32	Blok 4
03/24	STEFANIE	DU PREEZ	MOLTENOWEG 40	Blok 2
03/25	ANDRÉ	VILJOEN	RIEBEECK WS 1	Blok 1
03/25	GEORGE	FULLARD	HORTULUS WS 8	Blok 1
03/25	JOHAN	VON SOLMS	HANS STRIJDOMLN 110A	Blok 3
03/25	RIAN	GREYLING	HANS STRIJDOMLN 292A	Blok 1
03/25	LIZETTE	BROEKHUIZEN	HANS STRIJDOMLN 9	Blok 4
03/25	WILLEM	HUMPHRIES	MOLTENOWEG 4	Blok 2
03/26	MEGAN	OPPERMAN	ERIKA WS 3	Blok 1
03/26	ILSE	DU PREEZ	5DE STRAAT 8	Blok 1
03/26	FRANCOIS	GERBER	DF MALANLN 133.	Blok 3
03/26	BETSIE	DEYSEL	ERIKA WS 4	Blok 1
03/27	GERDA	ODENDAAL	DE OUDE ARTÉ 3	Blok 3
03/28	MARITA	DE JAGER	VAN RIEBEECKLN 7	Blok 4
03/28	LINDA	VAN AS	DE LA REYWEG 26	Blok 4
03/28	BASIE	WOEKE	HANS STRIJDOMLN 110	Blok 3
03/28	HALEY	OELOFSE	VAN RIEBEECKLN 17	Blok 4

HUWELIKHERDENKINGS : 22 TOT 28 MAART 2009

SONDAG, 22 MAART		
MICKEY EN HENKIE GRIESSEL	KRUGERLN 126	Blok 3
WILLEM EN DRIENIE SCHOLTZ	HELDERBERG WS 5	Blok 4
WOENSDAG, 25 MAART		
HEINIE EN CA MOMBERG	DF MALANLN 99	Blok 3
JOHAN EN LEONETTE SMIT	HANS STRIJDOMLN 194	Blok 2
DONDERDAG, 26 MAART		
CHRISTO EN ANSIE BLIGNAUT	HANS STRIJDOMLN 199	Blok 2
BOET EN ALET VENTER	GLOVERLN 196B	Blok 4
LEON EN LOUISE BARNARD	SMUTSLN 266	Blok 1
VRYDAG, 27 MAART		
MIKE EN DINA FISHER	SMUTSLN 190A	Blok 2
REINIER EN MILANI VAN RENSBURG	VAN RIEBEECKLN 59	Blok 3

OMSKAKELING VAN VHS BANDE NA DVD ASOOK OMSKAKEL VAN LP'S NA CD

KONTAK THALIA VIR PRYSE BY:

082 450 1629
of 012 - 653 7547

חי

Dr Liandi Fourie
MBChB(Pret)
Algemene Praktisyn

Ons passie is volhoubare gesondheid dmv 'n natuurlike benadering, lewenstylbeplanning en natuurlike produkte.

Chris Hougaardstraat 324
Wierdapark
012-6530564

Ned Geref Gemeente Lyttelton-Oos

FAMILIENUUS

Sondag, 22 Maart 2009

Hartlik welkom in die erediens vanoggend

Webtuiste: www.lytteltonoos.org.za

SONDAG, 22 MAART
Bid vir die verkiesing

09:00 Erediens: Freddie Schoeman
(Tema: Verban jou vrese—3)
09:00 Kindereredienste
18:00 Aanddiens
18:45 Kategese/ Ouers kuier saam
19:30 Gesinne speel saam

MAANDAG, 23 MAART

19:00 Droomspan

DINSDAG, 24 MAART

19:00-20:30: Sektor 2 Vergadering

WOENSDAG, 25 MAART

17:00 Biduur
19:00 KAF-vergadering

DONDERDAG 26 MAART

09:00 Bybelstudie Senior Lidmate

VRYDAG, 27 MAART
SKOLE SLUIT

06:00-06:30 Stiltediens

SONDAG, 29 MAART
Bid vir die verkiesing
Deurkollekte Motorwag

09:00 Erediens:

MAANDAG, 30 MAART - DINSDAG 6 APRIL

Skoolverlaterskamp

DONDERDAG, 2 APRIL

19:00 Ouderlinge vergadering

SONDAG, 5 APRIL
Bid vir die verkiesing

Deurkollekte Noodlenigingsfonds
Inhandiging van Kommissieverslae

DINSDAG, 6 APRIL
TOT VRYDAG 10 APRIL

Groot Lydensweek
Eredienste elke aand om 19:00
Donderdag 9 April 19:00: Nagmaal

NUWE INTREKKERS

Ons wil graag nuwe intrekkers ontmoet. Kom ons kry mekaar voor die kansel net na die diens vanoggend verby is.

VOORBIDDING

1. Tannie Joan Viljoen, Hans Strijdomln 204 wat siek is en met wie dit nie goed gaan nie (Blok 2).
2. Sanette Hambridge, DF Malanln 127 wat 'n operasie ondergaan het en aansterk. (Blok 3).
3. Willie en Tania Neü, Krugerln 250a met en Willie se moeder wat erns-tig siek is (Blok 1)
4. Frik en Ané Strydom, Hofmeyrweg 15 met Ané wat nog sukkel met haar gesondheid (Blok 1).
5. Adolf Crafford, Hans Strijdomln 182 wat DV Junie/Julie 'n nieroorplan-ting onder-gaan. (Blok 2) Ons vra voorbidding vir die hele gesin.
6. Spesiale voorbidding vir Hermann en Marie Meier, Smutsln 124 met die trauma wat hulle ervaar het (Blok 3).

MEEGEVOEL

Ons betuig graag innige meege-voel met Willie enTania Neü, Krugerln 250 met die afsterwe van Willie se ouma.

Mag u die Here se nabyheid intens ervaar nou en in die dae wat kom. Sterkte word julle toegebid.

MENINGSPEILING

Neem deel aan ons meningspeiling op ons webblad by www.lytteltonoos.org.za

Lydenstyd

25 Februarie—11 April

Lydenstyd is ’n geleentheid om onsself weer aan die Here toe te wy.

Gedurende lydenstyd is dit gebruiklik om te vas. Dit behels dat ons ons weerhou van sekere voedselsoorte (bv. vleis, koffie), lekkernye (bv. sjokolade, alle suiker) of aktiwiteite (koerantlees, TV kyk). Op hierdie manier identifiseer ons onsself met Jesus se lyding en "waak" ons saam met Hom. Wanneer ons dit doen, verskerp dit ons belewenis van Jesus se lyding en uiteindelik ook van sy opstanding. (Vir meer inligting besoek ons webwerf by: www.lytteltonoos.org.za/kerkjaar/lydenstyd.htm)

Program

Sondag 5 April Palmsondag 09:00 Erediens	**Maandag 6 April** Groot Lydensweek 19:00 Erediens	**Dinsdag 7 April** Groot Lydensweek 19:00 Erediens	**Woensdag 8 April** Groot Lydensweek 19:00 Erediens
Donderdag 9 April Groot Lydensweek 19:00 Nagmaal	**Vrydag 10 April** Goeie Vrydag 09:00 Erediens	**Saterdag 11 April** Stil Saterdag 22:30 Middernag-diens / Nagmaal / Belydenisaflegging	**Sondag 12 April** Opstandingsdag 09:00 Erediens

BELANGRIKE DATUMS HIERDIE JAAR:

- **19 September: PARKNAVAL**

(Ons jaarlikse groot feesgeleentheid wat ons vir ons gemeenskap reël)

- **9-11 Oktober: GEMEENTEKAMP**

‘n Geleentheid om saam te kuier, lag en speel—vir ‘n hele naweek lank!

OGGENDTEE TEN BATE VAN CMR LYTTELTON

Alle vroue word uitgenooi na ‘n oggendtee ten bate van die Christelik-Maatskaplike Raad (CMR) Lyttelton aangebied deur Rentia Landman.

* Datum: Woensdag, 25 Maart 2009
* Tyd: 10:00
* Adres: Tuin van Stasieweg 120, Lyttelton (Motorwag sal beskikbaar wees)
*Koste: Donasie van R50 of meer

Dit beloof om ‘n heerlike kuier oggend te wees. Sit gerus ‘n hoed op en kom geniet eetgoed van verskillende lande.

Kaartjies is beskikbaar by CMR Lyttelton
Kontakpersone: Anel Roux / Annamarie Steyn
Kontakno.: 012-6645837 / 6640901
RSVP voor of op 23 Maart 2009

RUSOORD MôREMARK
SATERDAG, 28 MAART 08:00 – 12:00

Ten bate van inwoners wat nie finansieel in staat is om volle versorgingskostes te betaal nie.

Heerlike tuisgebak, boereworsrolle, pannekoek, jaffels, kerrie & rys, tuisgemaakte lekkers, poedings en ‘n teetuin. Klere ensovoorts sal te koop aangbied word.

Ons benodig nog BAIE items vir die witolifanttafel. Gaan asseblief u kaste, store, wendys & motorhuise na en bring alle items wat in onbruik verval het, na Rusoord. Ons benodig ook breekgoed en eetgerei.

DIENSVERHOUDINGE

Die Kerkraad is dringend op soek na ’n persoon om die pos van Diensverhoudinge te vul. Hierdie persoon moet ’n goeie kennis van personeel-aangeleenthede hê. Vir meer besonderhede skakel asseblief Johan Bauer by 012 664-2230/083 305 3768.

Woordwyser Bybelskool

Help elke gelowige Bybelleser om die Bybel beter te verstaan—'n "wyser" na die "Woord" toe.

Datum	Onderwerp	Aanbieder
18 April 2009	Hoe hoor ons God se stem wanneer ons die Bybel lees?	Freddie Schoeman
16 Mei 2009	Hoe hoor ons God se stem in die evangelies?	Kobus Myburgh
20 Junie 2009	Hoe hoor ons God se stem wanneer ons die Sewende eeuse profete lees?	Willie van Heerden
25 Julie 2009	Hoe hoor ons God se stem wanneer ons Jeremia en Klaagliedere lees?	Wille van Heerden
12 September 2009	Hoe hoor ons God se stem wanneer ons Esegiël lees?	Gustav Claasen
17 Oktober 2009	Hoe hoor ons God se stem wanneer ons die Priestergeskrif en Deutero-Jesaja lees?	Fanie Cronjé
14 November 3009	Hoe hoor ons God se stem wanneer ons die Deuteronomis en die Ballingskapspsalms lees?	Willem Boshoff

08:00—12:00 In die gemeentesentrum

Die Bybel is God se Woord. Hy wil graag met ons deur sy Woord praat. Dit is een van die maniere waarop Hy met ons wil kommunikeer. Maar hoe kan ons onsself instel om God se stem te hoor wanneer ons die Bybel lees? Hoe weet ons dat ons nie maar net ons eie gedagtes inlees nie?

Koste: R50 (sluit kursusmateriaal in)

Om in te skryf kontak Freddie Schoeman 0845818139, vul 'n terugvoer-vorm in
of stuur 'n e-pos aan lyttoos@mweb.co.za Jy kan ook op ons webblad registreer by http://www.lytteltonoos.org.za/nuus/woordwys2009.html

VERKIESING 2009

Die Algemene Sinode se Moderamen (ASM) het op 18 Maart die volgende aanvaar:

1. Ons roep al ons lidmate op om Vrydag (20 Maart) saam met alle ander Christene – en ook elke volgende Sondag tot en met die verkiesing op 22 April – ernstig voorbidding te doen met die oog op die verkiesing. (Sien ook Riglyne vir Verkiesing aan Lidmate)
2. Al ons leraars en gemeentes word gevra om aandag te gee aan die Verklaring: Nasionale Kerkleiersvergadering van 19 en 20 Januarie (sien bylae ingesluit).

Ontdek jou Potensiaal

Saterdag 30 Mei 2009
08:00—16:00

'n Dag-seminaar om jou te help om jou talente te ontdek en te ontwikkel

JY IS UNIEK!

Elkeen van ons is geskape met 'n doel (Ef 2:10). Jy ook. Jou doel verskil van ander. Daarom het die Here jou uniek gevorm en ontsaglik baie in jou belê. Hy het jou toevertrou met gawes van onskatbare waarde. *Dit is egter 'n skat wat nie aan jou behoort nie—die Here het jou daarmee geseën ter wille van ander*. Jy moet dit egter ontwikkel en bestuur.

Hoe gaan ek te werk om my potensiaal te ontdek?

- Skryf in deur 'n sms aan 0845818139 of 'n e-pos aan lyttoos@mweb.co.za te stuur of skryf in op ons webblad by http://www.lytteltonoos.org.za/nuus/potensiaal2009.html
- Jy sal 'n boek ontvang waarin daar 'n kode is. Hierdie kode moet jy gebruik om op die internet 'n vraelys in te vul. Die vraelys word gebruik om jou vyf top talenttemas te ontdek. Jy sal 'n verslag ontvang wat jy moet uitdruk.
- Bring die verslag saam na die seminaar.

Koste: R290 per persoon, betaalbaar wanneer jy die boek ontvang.

Daar is ook nog twee ander geleenthede hierdie jaar:
29 Augustus 2009
7 November 2009

GEBEDSBRIEF 7

Goeie Môre Gemeente

VOORTDURENDE ANTWOORDE OP GEBEDE

Daar is sekere dinge wat God ons in die Skrif leer wat uiters noodsaaklik is vir voorbidding. Ons sou kon praat van riglyne vir gebed. Hierdie riglyne neem die vorm aan van bevele of opdragte wat hand aan hand met gebed gaan. In 'n sekere sin sou ons kon praat van die geestelike voorwaardes vir gebed. Die voorwaardes en riglyne vir 'n lewe van voortdurende antwoord op gebed en kommunikasie met God is onder andere die volgende:

- Breek met alle bewuste sonde. Bely alle bewuste, en onbelyde sonde in jou lewe, ook daardie sondes uit die verlede waaraan die Heilige Gees jou herinner.
- **Romeine 6:4-6** sê dat ons as gelowiges in Jesus Christus is en dat ons saam met Hom ingeplant is in sy dood en saam met Hom gesterf het. Leef bewustelik vanuit hierdie geestelike posisie (Rom.6:10-11) en moet dit nie verlaat nie.

Aangesien ons met Hom een geword het in sy dood, sal ons sekerlik ook met Hom een wees in sy opstanding. Ons weet tog dat die sondige mens wat ons was, saam met Christus gekruisig is sodat ons sondige bestaan beeindig kon word. Ons is dus nie langer slawe van die sonde nie. (**Rom6:5-6**)

- Leef bewustelik uit die wete dat jy geestelik verenig is met die opgestane Christus en bly in Hom. (**Gal.2:20**)
- Sy woorde moet in jou bly as daaglikse voedsel vir die innerlike mens. Ken lees en bestudeer die Bybel
- Versoeke wat tot God gerig word, moet uit die wil en in ooreenstemming met die wil van God wees. (**Fil.2:13**)
- Geloof in God en gehoorsaamheid aan God is absoluut noodaaklik (**Heb11:6**)
- Geen selfbelang, selfsug of eiesinnigheid moet in my gebede ter sprake wees nie. (**Jak.4:2-3**)
- Bid in/deur die Gees, deur die krag van die Heilige Gees (**Rom.8:26-27**)
- Satan sal poog om jou te verhinder om te bid, of die antwoord op jou gebede probeer verhinder. Wanneer dit gebeur, moet die beginsels van geestelike oorlogvoering toegepas word, nl. om die bose te weerstaan, die sleutelmag te gebruik (bind en ontbind) en die bose vanuit jou gesagsposissie in Christus aan te spreek.
- Bid op grond van die beloftes van God. (**2Kor.1:20**)
- Bid en wag dan totdat jy van God hoor wat jy moet doen. Om op God te wag en te wag vir 'n antwoord, beteken nie dat God nie jou gebed beantwoord het nie.

Die Here Jesus het o.a. die volgende voorwaardes gestel vir antwoord op gebed:

As julle **geloof** het en nie twyfel nie.... (Matt.21.21-22)
As julle **in my bly** en my woorde in julle.... (Joh.15:7)
As ons iets vra volgens sy **wil**.... (1Joh5:14-15)
As twee of drie **saamstem**.... (Matt.18:19-20)
As julle iets **in my Naam vra**.... (Joh.14:13-14)
As ons sy **gebooie bewaar** en doen wat **welgevallig** is voor Hom.... (1Joh.3:22)

Ons vertrou dat u vrug uit hierdie gedeelte ontvang het en dat u gebed en geestelike lewe versterk sal word.
Jesus Groete

Gebedsgroep

VAKATURE: MAATSKAPLIKE WERKER

CHRISTELIK MAATSKAPLIKE RAAD Pretoria Faerie Glen 3/8-pos [Alle metodes]

Werksgebiede: Faerie Glen, Garsfontin, Olymus, Valley Farms, Wapadrand, Lynnwoodpark, Zwawelpoort

DIENSAANVAARDINGS: 01/04/2009

POSVEREISTES: Geregistreerde maatskaplike werker
Minimum 2 jr. statutêre ondervinding
Geldige bestuurderslisensie

Salarispakket: Onderhandelbaar

Navrae en aansoeke: Mev H van der Merwe
Tel. [012] 361 4613
Faks. [012] 361 4625

SLUITINGSDATUM VIR AANSOEKE: 8 April 2009

FEESBUNDEL

Lidmate wat Feesbundels bestel het word versoek om dit asseblief **dringend** by Max af te haal teen R100 by Krugerlaan 286, telefoon (012) 664-3629.

OF KYK UIT VIR MAX NA DIE DIENS VOOR DIE KANSEL!!

Baie dankie.

Spesiale vergunning deur die Kerkraad — persone wat nie die vorige bundel het nie, ontvang dit gratis saam met hierdie feesbundel!

Alpha

'n Geleentheid om die betekenis van die lewe te ontdek

16 April—25 Junie

Elke Donderdagaand om 18:30.

Kom vra jou vrae
Kom verken die terrein van die geloof
Kom deel in die saamwees

Dui jou belangstelling op 'n terugvoervorm aan of skryf in op ons webblad by http://www.lytteltonoos.org.za/inligting/alpha.htm